

KOMMUNIKAMMA 15 MEI 2022



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkruggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 083 413 7100; mg@ngkruggakamma.co.za

Ds Toit Wessels: 084 240 2916; toit@ngkruggakamma.co.za

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 15 Mei 2022

Skriflesing: Openbaring 21:1 - 6

Tema: Die beste is nog oppad!

<https://youtu.be/mXpE3dYV6zQ>

Skakel gerus om 08:30 op ons Youtube kanaal in as jy die regstreekse uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk. Neem asb kennis dat die video nie direk na die erediens beskikbaar sal wees nie.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

08:30 EIETYDSE EREDIENS EN KLEUTERKERK

09:45 KATEGESE VIR GRAAD 1 TOT 11 BY DIE KERKGEBOU. Hierdie week se kategeese het 'n unieke fokus op uitreik.

10:00 KLASSIEKE EREDIENS

Die deurdankoffer gaan vandag vir die Christelike Polisievereniging

18:00 LEEF@KERK

Ons Tieners het laasweek soveel goeie vrae saamgebring, dat ons hierdie week die gesprek verder vat.

Maandag 16 Mei

12:45 GEBEDSKILD IN DIE KONSISTORIE. Ons verootmoedig ons, onder andere, voor die Here vir reën.

Dinsdag 17 Mei

17:30 EIENDOMME DIENSTERREIN

KOORFEES

Die Cantando@Algoa koor, onder leiding van Gustel Agenbag, bied vir die eerste keer 'n optrede in ons kerksaal aan, op Dinsdag 17 Mei om 18:30. Die Ooskaap jeugkoor, Adante en Hemiola Kamerkoor gaan ook optree. Kaartjies kos R 50.00 en sal by die deur beskikbaar wees. Kontak Gustel (082 899 3804) of Piet (084 491 1213) vir meer inligting.

Woensdag 18 Mei

Voedselhulp aan PE-Noord

Skenkings kan op Woensdae, tussen 08:00 en 12:00 by die kerkkantoor afgelaai word. Vir die volgende week kan jy met Piet Spies kontak (sel: 084 491 1213) indien jy op 'n ander tyd jou bydrae wil maak.

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Die nood raak steeds groter.

Hul gee ook toebroodjies vir 40 kinders wat honger gaan slaap en skool toe gaan. Hulle vra vir donasies van smeergoed. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is R334 855,47 reeds gebruik om kos aan te koop. (Hierdie jaar is reeds R47 343.24 gebruik.)

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor is elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Donderdag 19 Mei

FonteinVriende

Al die afgetrede persone word uitgenooi na 'n heerlike kuieroggend saam met Susan Smith in die kerksaal. Sy gaan getuig van haar skilderye wat elke 'n storie vertel. Vir meer inligting, kontak Zelda Bakkes by sel: 083 950 6096

19:00 Jongvolwassenes

Ons kuier in die Voortrekkersaal en het 'n Barista genooi om vir ons te kom verduidelik hoe die koffie-maak proses werk. Ons gaan lekker saam koffie drink. Kontak ds Toit vir meer inligting.

Vrydag 20 Mei

05:00 Mannegroep by Carnationstraat 15

Indien jy wil deel word van die groep, kontak Frans Stapelberg vir meer besonderhede by selnummer 082 773 6205

Sondag 22 Mei

08:30 Eietydse Erediens, Poppekas en Kleuterkerk

Wysmuis en haar vriende kom kuier na 'n lang afwesigheid weer by ons.

09:45 KATEGESE VIR GRAAD 1 – 11 BY DIE KERKGEBOU.

10:00 Klassieke Erediens

Pinkster 2022

Tema: Van wanhoop na hoop.

Sondag 29 Mei om 18:00

Tema: Van vrees na vrede.

Skriflesing: Handeling 27:18-33; Eksodus 14:10-18

Maandag 30 Mei om 09:00 of 18:00

Tema: Van uitgestoot na ingesluit.

Skriflesing: Lukas 19:1-10; Jesaja 53:1-5

Dinsdag 31 Mei om 09:00 of 18:00

Tema: Van toe deure na oop vensters.

Skriflesing: Handeling 16:6-15; Rut 3:1-4:17

Woensdag 1 Junie om 09:00 of 18:00

Tema: Van ontevrede na vrede.

Skriflesing: Lukas 12:13-21; Psalm 16:1-11

Die dankoffer by elke byeenkoms gaan vir die Bybelgenootskap.

SAKE vir GEBED:

- Ons dank die Here vir elke druppel genade reën, maar bly op ons knieë as ons bid vir die kritieke stand van ons damme.
- Johan Harmse se pa is oorlede.
- Almal wat siek is, ook met Covid. Ons bid dat elkeen van hulle genesing en die nabyheid van God sal ervaar.
- Pierre Havenga is in die hospitaal. Bid ook vir sy vrou Marietjie en hul familie.

- Niekie Oosthuizen se pa is in die hospitaal.
- Ouer mense met al die uitdagings wat oor hulle pad kom.
- Die situasie in die Oekraïne is baie kritiek. Ons bid vir Goddelike ingryping, beskerming van mede-gelowiges en almal wat deur die oorlog geraak word. Bid vir Christene in Rusland. Baie van hulle is nie ingelig oor alles wat in Oekraïne aan die gang is.

Gebedsversoek vir There4-Bedieninge

Bid saam met gelowiges in **Maldives** wie hulle geloof in isolasie en geheimhouding uitleef. Bid saam dat God hulle harte sal vul sodat hulle bewus sal wees van Sy teenwoordigheid en sorg.

PE NOORD HOU KERMIS

Pe Noord gemeente hou op Saterdag 4 Junie hulle jaarlikse kermis. Hulle is opsoek na die volgende produkte: Meel, eiers, suiker, olie, kondensmelk, jellie, pakkies kits poeding en vla. Indien jy 'n bydrae wil lewer, kan dit Woensdae by die kerkkantoor afgelaai word. Kontak Sonja Spies (084 516 4925) vir meer besonderhede.

MTR SMIT KINDEROORD

Die MTR Smit Kinderoord is op soek na die volgende produkte:

Pasta, stampmielies, aartappels, sous poeiers, hoender, blikkies kos, vars groente en vrugte, olie, meel, eiers, margarien en konfyt.

Hulle benodig ook in die verkoue seisoen medikasie vir seer keel, hoes, koors en pyn.

Indien jy kan help, kontak asseblief vir Linda Rossouw (082 402 4396) of Debah van Eeden (082 933 2443)

VERENIGING VIR SEREBRAAL-GESTREMDES OOS-KAAP

Die vereniging hou hulle jaarlikse fondsinsamelingsprojek. Hulle het gevind dat, a.g.v. Covid, mense nie meer geld in 'n blikkie wil gooi nie en daarom kan fondse direk in hulle bankrekening betaal word. Hulle bankbesonderhede is soos volg:

Cerebral Palsy Ass

Eerste Nasionale Bank

Rekening nommer 54590035572

Avontuurweek 4-8 Julie 2022

Na 'n paar jaar is die Avontuurweek terug. Ons gaan hierdie jaar by Lorraine en Waypoint se aanbiedings inskakel. Die week se aanbiedings gaan dus by Lorraine Gesinskerk plaasvind. Indien jy Graad 1-7, skryf gerus in, of indien jy as Graad 8-12 leerder wil dien as leier vir die week is jy ook welkom.

Tema – KINGDOM ROCK!

Tyd: Elke dag van 08:00 tot 13:00

Kinders gaan lag, leer en speel deur die dag!

Vir meer inligting en om te registreer, gaan asseblief na die webwerf: www.avontuurweek.co.za

Boeke beskikbaar

Die boeke van Alwyn Uys en Johan Laten is by die kerkkantoor beskikbaar om te leen, indien jy dit wil lees. Kontak asb vir Niekie vir meer inligting.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

15 Mei	Heindrich du Preez en Andre Vivier
16 Mei	Maria Latsky, Chante Minnie, Nina Rossouw en Nico van den Berg
17 Mei	Lehan Barnard, Johan Smit, Ester Strydom en John van Huyssteen
18 Mei	Ruan Botha
19 Mei	Liz Bernhardt, Ena Grobler, Johan Knoetze, Anlo Kruger, Jeandre Nortje, Anita Theron, Marguerite Vermeulen en Louis von Wielligh
20 Mei	Levi Greyvenstein, Gert Harmse, Anlene Pretorius, Sune Smit en Elna Thiart
21 Mei	Carien Blom, Rudi Burger, Leon de Jager, Estienne Postma, Alecia van der Westhuizen, Didi Venter en Nicole Westraadt



DANKOFFER

Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae wat ons maandeliks ontvang. Dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snapscan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma

Absa Tjekrek 1400590091

Takkode 632005

